**8 Februarie 2026**

**Oggend diens**

**Sing:** Ps. 118:1,7; Ps. 118:14; Ps. 61:1,4; Skr.14:1,2; Ps. 149:1,2.

**Lees:** 1 Kor. 5:1-13

**Teks:** 1 Kor. 5:7,8

**Tema: Christus het vir ons gesterf, nou kan ons in reinheid en waarheid leef.**

***Ons erken ons sonde***

Die omstandighede in die gemeente van Korinte was aan die begin baie sleg. Daar was onderlinge verdeeldheid en stryd, die gesag van Paulus is deur sommige bevraagteken en selfs verdag gemaak die en die gemeente was verdraagsaam oor allerhande onsedelikheid in hulle midde. Hulle het sondes verdra wat selfs deur die heidene verwerp is. Hieroor skryf Paulus aan hulle hierdie sterk vermanende brief dat hulle hul sonde moet erken. Om die sonde uit die gemeente te suiwer moet hulle eers erken dat dit in hulle midde bestaan en dat hulle dit verdra.

***Ons suiwer die sonde uit***

Wanneer hulle hul sonde erken het, roep Paulus hulle op en moedig hulle aan om dit uit hulle uit te suiwer. Hy verwys hier na die instelling van die Here dat hulle tydens die Pasga geen ingesuurde brode mog eet nie. Suurdeeg is die simbool van die sonde en dit moet uit hulle midde gesuiwer word. Christus is immers die paaslam wat vir hulle geslag is en waardeer hulle vergif nis van sonde kon ontvang. In ons self ondersoek voor die bediening van die Heilige Nagmaal moet ons onsself ondersoek self die sonde uit ons lewe uitsuiwer.

***Ons vier fees in heiligheid***

Waar die sonde uit die midde van die gemeente gesuiwer word kan die gemeente nou in waarheid en heiligheid voor die Here feesvier. Dit gaan nie hier om ŉ spesifieke fees nie, maar die gelowiges leef nou in die tyd van die voortdurende Paasfees. Christus het vir ons gesterf en nou leef ons vir Hom. Ons dien hom met ŉ dankbare en heilige lewe waarin ons altyd die waarheid soek. So sien ons uit om na die fees van die Nagmaal te kom.

**Aand diens**

**Sing:** Ps. 149:1,2; Ps. 119:11,14; Ps. 119:19,20.

**Lees:** 2 Sam 6:1-11; Son 35.

**Teks:** Son 35.

**Tema: Ons kan God alleen vereer wanneer ons Hom dien soos Hy in sy Woord beveel.**

***God verbied eiewilligheid.***

In die eerste gebod bepaal die Here dat Israel op grond van ‘n verbondsverhouding Hom reg moet ken en Hom alleen aanbid. In die tweede gebod bepaal die Here nou dat Hy reg aanbid en gedien moet word. In die geskiedenis van die Dawid wat die ark terug bring na Sion is dit opmerklik dat die hele geselskap juis gedoen het wat God in sy wet verbied het. Die ark van die Here is die teken van God se trou en sy versorging, maar die mens gaan eie willig daarmee om. Hy word nie vereer deur ons eiewillige kreatiwiteit nie, maar deur gehoorsaamheid.

***God gebied gehoorsaamheid.***

Die teenkant van die eiewilligheid wat God verbied is dat Hy onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan Hom eis. Hierdie gehoorsaamheid vereis in die eerste plek dat daar geen afbeelding van God gemaak mag word nie. Hy is immers die Onsienlike, Alomteenwoordige en Alwetende God. Hy het alles geskape en daarom kan niks in die skepping met Hom gelykgestel word asof dit Hy is nie. Ware diens aan die Here is ŉ lewe van gehoorsaamheid aan dit wat Hy beveel. Dit is ŉ lewe waarin die gelowige Hom sal vereer deur met alle krag te doen wat Hy eis.

***God voorsien sy Woord.***

Voor die Reformasie het die kerk beelde laat maak en in die katedrale geplaas sodat die kerkvolk iets van die Bybelse inhoud deur hierdie beelde kon leer. Nou bely ons egter hier dat die Here gedien word op die basis van die lewende verkondiging van sy Woord. Dit is nie die beelde wat aan ons die evangelie boodskap bring nie, maar die prediking in Gees en in waarheid. Die prediking van die Woord is op die hart van die hele gemeente gerig, volwassenes en kinders. Sy Gees rig ons almal in die waarheid van sy Woord.